


**WOORDELYS - BINDWEEFSEL**

<b>Bloedplaatjies</b>	Bloedliggaampies wat 'n rol speel in bloedstolling
<b>Elastiese kraakbeen</b>	Tipe kraakbeen, met elastien as die belangrikste proteïen, gekenmerk deur goeie ondersteuning sowel as elasticiteit.
<b>Eritrosiete</b>	Bloedliggaampies wat suurstof vervoer
<b>Haversse kanaal</b>	Lengteverlopede kanaaltjies in beenweefsel.
<b>Hialienkraakbeen (glasagtige)</b>	Die algemeenste tipe kraakbeen, glad en gemaak van kort kollageenvesels wat in 'n taai, rubberagtige matriks ingebed, is wat hoofsaaklik uit chondrien bestaan.
<b>Kraakbeen</b>	Taai elastiese bindweefsel wat tussen werwels aangetref word.
<b>Lakune</b>	(Enkelvoud = lakuna) klein vloeistofge vulde holtes in die been- of kraakbeenweefsel waarbinne beenselle gevind word.
<b>Leukosiete</b>	Die tipe bloedliggaampies wat deur die wand van kapillêre vate kan dring en tussen selle beweeg
<b>Ligament</b>	Digte bindweefsel wat spier aan been heg
<b>Limfosiete</b>	Die tipe witbloedsel wat teenliggaampies, bakterieë en virusse vernietig
<b>Osteosiete</b>	Beenselle
<b>Tendon</b>	Tipe bindweefsel wat vel en onderliggende spiere losweg verbind

# BINDWEEFSEL

Ondersteun en verbind ander weefsel in die liggaam van soogdiere. Bestaan uit verskillende selle wat in 'n matriks ingebed is.

## Aereolêre bindweefsel



### PLEK VAN VOORKOMS

- Onder die vel
- Tussen organe

### STRUKTUUR


- Geel elastiese vesels
- Wit kollageenvesels
- Verskillende soorte selle (fibroblaste, makrofage, plasmasselle, masselle, witbloedselle & vetselle)
- Jellieagtige matriks

### FUNKSIE

- Ondersteuning, verbinding en verpakking van alle weefsels
- Isoleringmateriaal
- Buigsaamheid en beweging
- Vervoer
- Beskerming
- Berging (vet – adipose weefsel)
- Herstel

## DIGTE BINDWEESEL

### Wit veselagtige bindweefsel



### PLEK VAN VOORKOMS

- Tendons
- Membrane rondom spiere en senuwees


### STRUKTUUR

- Meer kollageenvesels wat min of meer parallel loop
- Min elastiese vesels
- Fibroblaste is enigste selle

### FUNKSIE

- Tendons heg spier aan been.
- Beskerming rondom spiere en senuwees

### Geel elastiese bindweefsel



### PLEK VAN VOORKOMS

- Ligamente
- Tussen werwels
- Groot bloedvate


### STRUKTUUR

- Dik elastiese vesels in alle rigtings
- Slegs fibroblaste

### FUNKSIE

- Ligamente heg been aan been
- Buigsaamheid van die ruggraat
- Voorkom dat werwels/gewrigte uit posisie skuif.
- Elastisiteit van wande van arteries as hart klop en bloed onder groot druk is.


## Been



- Het minder porieë of spasies.
- 'n Groot aantal klein kanale wat **Haversse kanale** genoem word, lê in die lengte van die been.
- Hierdie Haversiese kanale bevat **senuwees en bloedvate**.

- Die vloeistof in die Haversse kanaal en die kanalikuli help om **voedingstowwe, suurstof en sellulêre afval** na en van die beenselle te vervoer.
- Die beenselle word gevind in vloeistofge vulde ruimtes wat **lakunae** genoem word (enkely: lakuna).
- lakunae word verbind deur klein kanale wat **kanalikuli** genoem word.
- Die grondstof wat in konsentriese lae rondom die Haversse kanale en tussen die lakuna gerangskik is, word **lamelle** genoem.
- 'n Haversse kanaal en lakunae met beenselle (osteoblaste) vorm 'n eenheid wat 'n **Haversse stelsel** genoem word.
- Die bindweefsel wat die buitekant van die been bedek, word die **periosteum** genoem.

## Bloed



- Bestaan uit plasma, RBS en WBS
- Plasma - vervoer, opgeloste stowwe deur die liggaam (voedingstowwe, CO<sub>2</sub>, O<sub>2</sub>, hormone, afvalprodukte)
- RBS - vervoer CO<sub>2</sub> en O<sub>2</sub>
- WBS - produseer teenliggaampies en bestry infeksies
- Plaatjies help met bloedstolling

## Kraakbeen



- Word gevind aan die einde van bene en binne die tragea, vorm permanente strukture
- Hou luggyp en brongi te alle tye oop
- Heg ribbes aan sternum
- Voorkom wrywing by gewrigte.
- Dien as skokbreker
- Vorm oorskulp en neuspunt